

14 Mei

Skrifgedeelte: Rut 1

Fokusgedeelte: Rut 1:16

Ver-een-selwiging

Ons ken almal Rut se roerende woorde aan Naomi die dag toe Orpa omgedraai het huis toe en Rut vasbeslote was om saam met haar skoonma die vreemde aan te durf: “Moet tog nie by my aanhou dat ek vir Ma in die steek moet laat en van Ma af weggaan nie. Waar Ma ookal heengaan, sal ek saamgaan.” En so meer ...Ek het eendag die volgende vrye vertaling van Rut se woorde uit die mond van ’n suigeling gehoor: “Waar u gaan, sal ek tekere gaan.”

Ongelukkig het Rut se noemenswaardige lojaliteit blykbaar nie veel gehelp om Naomi se bitterheid hok te slaan nie, want in Betlehem aangekom, sê sy vir haar ou kennisse: “Moet my asseblief nie meer Naomi [‘vreugde’] noem nie, noem my Mara [‘bitter’] ...”

Waar u gaan, sal ek tekere gaan. Dit is om jou geheel en al vir iemand anders te gee, om jou met hom te vereenselwig. Gelukkig is die mens wat dit kan sê, en die een vir wie dit gesê word. Gelukkig is ons om vir Jesus te hê, Hy wat self gesê het: “Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê.” Hy het die daad by die woord gevoeg en sy *liefde vir my bewys het deur Sy lewe vir my af te lê*. Jesus het Hom so met jǃu ver-een-selwig toe Hy sy lewe prysgegee het ter wille van jou. Hy het bewys dat Hy hom tot die dood toe aan jou verbind. Daar is geen groter liefde nie.

Sing: Skrifberyming 10:3–6 Ds HJJ Krüger (Lyttelton)